https://doi.org/10.56273/1995-5928/2023/j20n2b2

# Die neerslag van Russiese propaganda in kommentare op Maroela Media se nuusberigte oor die oorlog in Oekraïne

**Burgert Senekal**

Burgert Senekal, navorsingsgenoot, Departement Rekenaarwetenskap en Informatika, Universiteit van die Vrystaat

***Opsomming***

Rusland het oor die afgelope dekade deur middel van ’n uitgebreide propagandanetwerk probeer om sy posisie in die wêreld te verbeter. Aan die een kant het Russiese propagandaveldtogte gepoog om Westerse samelewings te verdeel en te ondermyn, byvoorbeeld deur inmenging in die VSA se presidentsverkiesing in 2016, terwyl Rusland aan die ander kant gepoog het om homself as die bastion van konserwatiewe, Christelike waardes uit te beeld. Hierdie propagandaveldtogte, wat onder andere met behulp van sosiale media gevoer is en word, is verskerp tydens die Russiese inval van Oekraïne in 2022 en teiken ook die Suid-Afrikaanse publiek.

Die artikel ondersoek of Russiese propaganda in Afrikaanse kommentare op Maroela Media neerslag vind. Hiervoor word kommentare op Maroela Media se berigte en meningstukke wat oor die Russies-Oekraïense konflik sedert 2022 handel, ondersoek. Daar word aangedui tot hoe ’n mate gebruikers pro-Russiese sentimente verwoord, asook watter temas wat in Russiese propaganda rondom hierdie oorlog voorkom, ook in hierdie kommentare aangetref word. Die gevolgtrekking is dat Russiese propaganda wel neerslag vind in hierdie kommentare, en voorstelle vir verdere navorsing rakende Afrikaners se sienings van hierdie oorlog word gemaak.

**Trefwoorde:** konflik; Oekraïne; oorlog; propaganda; Rusland; sosiale media; vals nuus

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2023/j20n2b2

***Abstract***

**Traces of Russian propaganda narratives in comments on Maroela Media's news reports about the war in Ukraine**

With the Russian military invasion of Ukraine on 24 February 2022, the world at large was divided, and so was South Africa. While most countries condemned the invasion, South Africa's government sided with the African National Congress's (ANC's) erstwhile ally by not condemning the attack. Although Afrikaners have a historical connection with the West, some Afrikaners have also indicated that they hold pro-Russian views.

The war in Ukraine is the first large-scale conventional war in Europe between two strong powers since the advent of the internet, and both sides have used online platforms to defend their position while trying to undermine the opponent's position. Russia in particular has developed an extensive propaganda network since around 2011 which tries to strengthen Russia's global position by trying to weaken its enemies on the one hand, while on the other hand trying to establish pro-Russian views abroad. As part of Russian efforts to undermine Western societies, Russian state, state-affiliated and non-state-affiliated institutions, such as the Internet Research Agency (IRA), have used social media channels to interfere in Western elections (usually on the side of right-wing parties and candidates), tried to undermine trust in the Western media, tried to widen existing fault lines in Western societies, spread conspiracy theories, and also spread misinformation around COVID-19 and vaccinations. On the other hand, Russian propaganda also presented Russia as the bastion of conservative Christian values. These propaganda networks make use of almost all major social media channels and also target South African society. However, this use of online platforms such as digital news and social media is also taking place during a time of fake news, distrust in the mainstream media and science, as well as the spreading of conspiracy theories in general.

This article examines the traces of Russian propaganda in the comments on Maroela Media's news reports and opinion pieces about the war in Ukraine. For this, Russian propaganda narratives are identified with the help of a literature review, after which an investigation is carried out into whether pro-Russian comments on Maroela Media's news reports and opinion pieces about the war in Ukraine correspond to narratives spread by Russia about this war. Maroela Media is currently the most popular Afrikaans news channel, and is also available free of charge, which means that Maroela Media offers the greatest opportunity for people to read and comment on this war in Afrikaans. The Russian propaganda narratives identified and investigated are the following:

1. Anti-NATO and NATO expansion.
2. The representation of Novorossiya, which considers Donetsk and Luhansk as part of Russia.
3. That Ukrainians in the Crimean Peninsula welcomed the Russian annexation, the associated view that Russia is liberating Ukrainians, that the Ukrainian government oppresses people in the Donbas with violence (even genocide), and the associated view that Russia helps separatists.
4. The fall of Viktor Yanukovych was a fascist coup, and the new government consists of neo-Nazis.

5. The Ukrainian government is corrupt and has failed.
6. The establishment of biological weapons laboratories by the West in Ukraine.
7. The Western media are not reliable.
8. Russia stands for conservative Christian values.

Of the 1 427 comments in this dataset, posted from 25 January 2022 to 20 February 2023, 52% could not be linked to pro-Russian or pro-Ukrainian views, but of the comments that could be, 25% were pro-Ukrainian and 23% pro-Russian.

Of the pro-Russian comments, the overwhelming majority (43%) express an anti-NATO and anti-Western view. Various comments express a view that Russia is threatened by NATO, with some also believing that NATO expansion will target China next. Comments also claim that the New World Order (NWO) is driven by NATO and resisted by Russia.

24% of pro-Russian comments refer to the unreliable Western media (in some comments referred to as "MSM" for "mainstream media"), contain claims that the Russian media are spreading the "truth", and that the Western media spread "propaganda".

Almost 7% of pro-Russian comments refer to the liberation of Donbas, with many references to alleged human rights violations in this area by the Ukrainian forces. In this respect, Russia is portrayed as a saviour of the oppressed Russian minority.

The rest of the pro-Russian comments refer to the alleged biological weapons laboratories in Ukraine (6%), refer to Ukraine as a failed state (6%) (with mention of corruption in the Ukrainian government, their incompetent leadership, or that Zelensky was not democratically elected), and that the Ukrainian government consists of neo-Nazis (5%). Only a few comments (2%) refer to Russia as being conservative, versus the view that the West is liberal. There are also very few comments (1%) that mention that Ukraine should be part of Russia.

Overall, 92% of pro-Russian comments on these Maroela Media reports and opinion pieces can be linked to themes found in Russian propaganda, with only 8% expressing other pro-Russian sentiments.

It is therefore clear that Russian propaganda is reflected in the comments on Maroela Media's reports and opinion pieces on this conflict. In some pro-Russian arguments, however, the connection is clearer than in others. While the allegation of biological weapons laboratories in Ukraine, human rights violations by the Ukrainian forces, the oppression of people in the Donbas region, and the labelling of the Ukrainian government as neo-Nazis, suggest a connection between Russian propaganda and Afrikaans comments on these reports and opinion pieces, other causes may be responsible for anti-Western media and anti-NATO sentiments. The current zeitgeist, which is characterised by a loss of trust in the professional media, could also be responsible for anti-Western media views. A strong anti-American sentiment is also already established and the war in Ukraine can possibly only be a manifestation of this sentiment.

Although this study makes no claim that it represents an opinion survey among Afrikaners in general, the finding that Russian propaganda is reflected in these comments is an indication that a more representative opinion survey among Afrikaners would be of value.

**Keywords:** conflict; misinformation; propaganda; Russia; social media; Ukraine; war

## 1. Inleiding

> Hierdie pro-Russiese gesindheid van sommige regse Maroeliete (trompoppies) is vir my 'n interessante storie. Mens kan 'n doktorstesis hieroor skryf. (Kommentaar op een van Maroela Media se berigte oor die inval van Oekraïne in 2022)

Met die Russiese militêre inval van Oekraïne op 24 Februarie 2022 is die wêreld, en Suid-Afrika, verdeel. Terwyl die meeste lande die inval veroordeel het, het Suid-Afrika se regering hulle by die African National Congress (ANC) se eertydse bondgenoot geskaar deur nie die aanval te veroordeel nie. In die stemming in die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies op 2 Maart 2022 het 141 lande Resolusie ES-11/1 goedgekeur, vyf lande het daarteen gestem (onder andere Belarus en Noord-Korea), en 35 lande het buite stemming gebly (onder andere Indië, Suid-Afrika en Pakistan) (Geissler, Bär, Pröllochs en Feuerriegel 2022). Afrikaners, wat 'n historiese verbintenis met die Weste het, was egter ook verdeeld, en Biehl (2022a; 2022b) en Pretorius (2023) noem dat vele Afrikaners ook pro-Russiese en anti-NAVO (Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie) sienings huldig.

Die oorlog in Oekraïne is die eerste grootskaalse konvensionele oorlog in Europa tussen twee sterk moondhede sedert die koms van die internet, en beide kante het aanlyn platforms aangewend om hul posisie te verdedig, terwyl hulle hulle opponent se posisie probeer ondermyn het. Hierdie gebruik van aanlyn platforms soos digitale nuus en sosiale media vind egter ook plaas in 'n tydgleuf van fopnuus, wantroue in die hoofstroommedia en die wetenskap, asook sameweringsteorieë.

Die huidige ondersoek fokus op onlangse Russiese propaganda op aanlyn platforms, en meer spesifiek die neerslag van hierdie propaganda in Afrikaanse kommentare op Maroela Media se webwerf.

Die volgende vraag word ondersoek:

> Vind Russiese propaganda neerslag in Afrikaanse kommentare op Maroela Media, en tot watter mate?

Ten einde hierdie vraag te beantwoord, word Russiese propagandanarratiewe deur middel van 'n literatuuroorsig geïdentifiseer.

Die redes vir die Russiese inval van Oekraïne, gebeure tydens die oorlog en die Westerse media se uitbeelding van die oorlog val buite die bestek van die huidige ondersoek en lesers word eerder verwys na navorsing wat reeds hieromtrent onderneem is (Johnson 2022; Kormych en Malyarenko 2022; Koval, Kulyk, Riabchuk, Zarembo en Fakhurdinova 2022).

Die artikel is soos volg gestruktureer: Eerstens word 'n oorsig verskaf van onlangse Russiese propaganda, hoofsaaklik na die anneksasie van die Krim-skiereiland (2014) tot die onlangse inval van Oekraïne (2022), insluitend veldtogte soos die inmenging in die VSA se presidentsverkiesing (2016) en rondom COVID-19 (2020). Hierna word die metodes bespreek wat in die

huidige ondersoek gevolg is, waarna resultate aangebied en bespreek word. Die artikel sluit af met slotopmerkings en voorstelle vir verdere navorsing.

## 2. Agtergrond

### *2.1 Aktiwiteite van die Russiese propagandanetwerk in aanloop tot die 2022-inval van Oekraïne*

#### *2.1.1 Propaganda rondom politieke kwessies*

Rusland word tans deur Westerse intelligensiedienste beskryf as die buitelandse staat wat die Europese politiek en besluitneming die meeste probeer beïnvloed (Karlsen 2019:4). Hiervoor het Rusland oor die afgelope dekade ’n uitgebreide propagandanetwerk ontwikkel, wat Rusland se globale posisie probeer versterk deur sy vyande aan die een kant te probeer verswak, terwyl hy aan die ander kant poog om pro-Russiese sienings in die buiteland te vestig. In 2011 het Rusland se Ministerie van Verdediging ’n duidelike beskrywing verskaf van sy voorneme om inligting as wapen in die konteks van konflikte aan te wend,

> inflicting damage to information systems, processes and resources, critical and other structures, undermining the political, economic and social systems, a massive psychological manipulation of the population to destabilize the state and society, as well as coercing the state to take decisions for the benefit of the opposing force. (Aangehaal in Duberry 2022:164)

Die Russiese propagandanetwerk bestaan tans uit ’n verskeidenheid staats-, staatsgeaffilieerde- en niestaatsgeaffilieerde instellings, wat Sputnik, RT (voorheen Russia Today), Tass, die Buitelandse Intelligensiediens (Sluzhba Vneshney Razvedki of SVR) en die Hoofdirektoraat van die Algemene Personeel van die Gewapende Magte van die Russiese Federasie (Glavnoje upravlenije General’nogo shtaba Vooruzhonnykh sil Rossiyskoy Federatsii of GU) insluit (Karlsen 2019:2; Treyger, Cheravitch en Cohen 2022:30). Een prominente instelling was tot onlangs die Internet Research Agency (IRA), wat sy aktiwiteite in 2013 vanuit St. Petersburg begin het (DiResta, Shaffer, Ruppel e.a. 2019:6). Die maatskappy is deur Yevgeniy Prigozhin – tans in beheer van die Wagner-groep – gestig, en alhoewel die IRA nie as staatsgeaffilieerd geag word nie, is Prigozhin se bande met die Russiese regering welbekend (Bastos en Farkas 2019:3; Treyger e.a. 2022:30, 42). Die maatskappy het amptelik in 2016 ontbind, maar Treyger e.a. (2022:42) skryf dat die maatskappy tans onder ’n ander naam, Glavset, funksioneer. Alhoewel die bespreking hier onder veral op die IRA fokus, moet in gedagte gehou word dat daar ’n mate van samewerking tussen Russiese agentskappe is en dat die boodskappe wat na die wêreld uitgedra word, grotendeels ooreenstem (Treyger e.a. 2022).

Die IRA se eerste teikens was Oekraïne ter ondersteuning van die Russiese anneksasie van die Krim-skiereiland in 2014 (Bastos en Farkas 2019:7), soos later bespreek word. Gegewe dat Rusland se hoof- en langtermyndoelwit is om die twee groot Westerse alliansies, naamlik Navo en die Europese Unie (EU), te verswak (Karlsen 2019:5) is dit geen verrassing nie dat die IRA ook die Europese politiek probeer beïnvloed het. Die IRA was byvoorbeeld betrokke by propaganda ten gunste van die Verenigde Koninkryk (VK) se wegbreek van die EU (die Brexit-referendum) (Bastos en Farkas 2019:8; Nitszke 2022:38–9; Treyger e.a. 2022:66) en

het gepoog om die Franse presidentsverkiesing in 2017 ten gunste van Marine Le Pen te beïnvloed (Karlsen 2019:6; Geissler e.a. 2022; Treyger e.a. 2022:65).

In 2016 het die IRA in die VSA se presidentsverkiesing onder die naam Project Lakhta ingemeng (Treyger e.a. 2022:44). Die IRA het ’n geïntegreerde netwerk van webwerwe, Instagram, Facebook, Twitter, YouTube en ander sosialemediaplatforms gebruik, meme geskep en selfs produkte verkoop, en Amerikaners as skrywers aangestel (DiResta e.a. 2019). Hulle hoofkanaal was Instagram (DiResta e.a. 2019:8), maar daar is ’n Russiese teenwoordigheid op al die prominente sosialemediaplatforms (Treyger e.a. 2022:69).

Breedweg het IRA-plasings drie groeperings in die VSA geteiken: swart-gerig, polities links-gerig en polities regs-gerig (Bastos en Farkas 2019:8; DiResta e.a. 2019:12; Walter, Ophir en Jamieson 2020:720). Die oogmerk was om die Amerikaanse samelewing te verdeel, met ’n spesifieke klem op die ondersteuning van Donald Trump as presidentskandidaat (Treyger e.a. 2022:83). Die IRA het elkeen van hierdie groeperings met ondersteunende argumente geteiken, byvoorbeeld deur gevestigde sienings rondom vuurwapenregte of aborsie te versterk. Trump is bo ander Republikeinse kandidate gesteun en Hillary Clinton is selfs op die IRA se proswart en pro-Demokrate webwerwe ondermyn (DiResta e.a. 2019:81). Op YouTube het die meeste video’s verband gehou met Black Lives Matter en polisiebrutaliteit (DiResta e.a. 2019:16). Die IRA het ook mense aangehits tot geweld rondom Black Lives Matter en die beskerming van standbeelde (DiResta e.a. 2019:72). DiResta e.a. (2019:84) skryf: “[T]he goal appears to have been to generate extreme anger and engagement for those most likely to support then-candidate Donald Trump, and to create disillusionment and disengagement on the Left-leaning and Black communities.”

Die IRA se plasings op sosiale media wat die VSA geteiken het, het hoofsaaklik rondom die volgende temas gewentel (DiResta e.a. 2019:11) (sien ook Bastos en Farkas 2019:9):

- Swart kultuur, gemeenskap, Black Lives Matter
- Blue Lives Matter, propolisie
- Hervorming rondom vlugtelinge, pro-immigrasie
- Texas-kultuur, gemeenskap en trots
- Suidelike kultuur (Konfederale geskiedenis)
- Separatistiese bewegings en afstigting
- Moslemkultuur, -gemeenskap en -trots
- Christelike kultuur, gemeenskap en trots
- LGBT-kultuur, -gemeenskap en -trots
- Inheemse-Amerikaner-kultuur, -gemeenskap en -trots
- Meme en “rooi pil”-kultuur[1]
- Patriotisme en Tea Party-kultuur
- Liberale en feministiese kultuur
- Veteranekwessies
- Vuurwapenregte, pro-Tweede Wysiging
- Politieke pro-Trump, anti-Clinton-inhoud
- Pro-Bernie Sanders- en -Jill Stein-inhoud
- Sirië en Isis, pro-Assad-, anti-VSA-betrokkenheid
- Vertroue in die media.

Russiese propaganda in Europa volg dieselfde patroon as in die VSA, waar verskille tussen gemeenskappe versterk word in ’n poging om samelewings te verdeel (Karlsen 2019:6). Russiese mediakanale het byvoorbeeld in 2016 ’n gerug versprei dat ’n 13-jarige Russiese meisie in Duitsland deur immigrante verkrag is, wat tot betogings gelei het (Karlsen 2019:7; Treyger e.a. 2022:47).

Verskeie ondersoeke het die doeltreffendheid van die IRA se politieke propaganda ondersoek, met uiteenlopende bevindinge. Bail, Guay, Maloney e.a. (2020) en Eady, Paskhalis, Zilinsky e.a. (2023) het geen merkbare invloed op politieke sienings van burgers van die VSA gevind nie, terwyl Dutta, Hanscom, Zhang e.a. (2021) ’n merkbare invloed gevind het. Treyger e.a. (2022:82) voer aan dat die uitdaging daaraan om die doeltreffendheid van Russiese propaganda te bepaal, vererger word deur die huidige tydsgees:

> [I]ncreasing political polarization, decreasing regard for professional media and expert knowledge, and the rise of populism in some Western countries all produce an environment that both generates and embraces the same kinds of narratives that are promoted by Russia.

Hierdie tydsgees het ook betrekking op die huidige ondersoek, soos later aangedui word.

*2.1.2 Propaganda rondom die media*

Benewens die fokus op die Amerikaanse samelewing was een van die IRA se grootste fokuspunte om vertroue in die hoofstroommedia te ondermyn (DiResta e.a. 2019:66; Ślufińska 2022:70). Ślufińska (2022:70) voer aan:

> Their task is not only to attack and criticise their opponents, but also to impose false narration on the audience, often using aggressive, even racist or antisemitic rhetoric. “Post-truth” is, therefore, their favoured tool, accompanied by the ever-present criticism of “mainstream media”.

Aanvalle op die Westerse media deur RT en Sputnik gebruik gereeld terme soos *MSM* (mainstream media), *globaliste* en *NWO* (Nuwe Wêreldorde), met laasgenoemde “broadly connected with an all-encompassing conspiracy through which biased powers that have infiltrated mainstream structures are attempting to subject humankind to their control” (Madisson en Ventsel 2022:453). Hierdie siening het veral tydens die COVID-19-pandemie gemanifesteer, soos later bespreek word.

Hierdie anti-Westerse-media-invalshoek sou later beslag kry in Russiese propaganda tydens die inval van Oekraïne in 2022, waar Hanley, Kumar en Durumeric (2022b) aantoon dat aanvalle op die Westerse media die vierde grootste onderwerp in hulle datastel van Russiese propagandaboodskappe op Twitter is.

*2.1.3 Propaganda rondom sameswerингsteorieë*

Die IRA het tussen 2015 en 2017 ook sameswerингsteorieë versterk, insluitend rakende inentings, die “globalistiese agenda”, George Soros,[2] dat Wolfgang Amadeus Mozart swart was, dat Shakespeare se werke deur ’n swart vrou geskryf is, en dat die Statue of Liberty oorspronklik ’n swart vrou uitgebeeld het (DiResta e.a. 2019:69–70). Ten tye van die inval van

Oekraïne in 2022 het Alieva, Ng en Carley (2022:1173) ook baie sameweringsteorieë in Russiese propaganda op Twitter gevind, en by name met verwysing na George Soros en Pfizer.

*2.1.4 Propaganda rondom COVID-19 en inentings*

Broniatowski, Jamison, Qi e.a. (2018) het aangetoon dat beginnende in 2015, die IRA beide pro- en anti-inenting boodskappe versprei het in ’n poging om die VSA se samelewing te verdeel. Walter e.a. (2020) het navorsing van Broniatowski e.a. (2018) verder gevoer en bevind dat IRA Twitter-rekenings wat pro-Trump was, ook anti-inentings was, terwyl pro-Hillary rekeninge pro-inentings was (sien ook Alieva e.a. 2022:1173 se ooreenstemmende bevindinge). Die IRA het met ander woorde die Amerikaanse samelewing probeer verdeel rondom sienings van inentings, met konserwatiewes wat met anti-inentingsboodskappe geteiken is en liberales met pro-inentingsboodskappe.

Russiese propaganda het ook vals nuus spesifiek rakende COVID-19 versprei (Śledź 2020:397; Duberry 2022:171; Ginossar, Cruickshank, Zheleva e.a. 2022:4; Nitszke 2022:40). Śledź (2020:397–8) noem dat vals nuus rakende COVID-19 die oorsprong van die virus sou bevraagteken, die feit dat daar ’n pandemie is, sou bevraagteken, sou voorstel dat die pandemie vir politieke doeleindes aangewend word, of andersins voorkoming en behandelings van COVID-19 sou bevraagteken en alternatiewe middels sou voorstel. Śledź (2020:398) beklemtoon egter dat dit verkeerd sou wees om al die sameweringsteorieë rondom COVID-19 op die web aan die aktiwiteite van die Russiese propagandanetwerk toe te skryf, aangesien baie politieke rolspelers sulke veldtogte gevoer het. Sommige Westerse konserwatiewe politici, onder andere Donald Trump, het ook sulke vals nuus versprei (Śledź 2020:399).

Namate entstowwe teen COVID-19 beskikbaar geword het, het Russiese propaganda verdere vals nuus versprei oor die newe-effekte van entstowwe, en hulle effektiwiteit bevraagteken (Nitszke 2022:40). Hierteenoor is die Russiese entstof, Sputnik V, as effektief uitgebeeld (Horawalavithana, De Silva, Weerasekara e.a. 2022:8).

Alieva e.a. (2022:1172) het ook bevind dat anti-inentingsboodskappe deel uitgemaak het van hulle datastel rondom Russiese propaganda op Twitter tydens die inval van Oekraïne in 2022, en meer spesifiek rondom die beweerde oprigting van biologiesewapenlaboratoriums in Oekraïne (sien verderaan). Sommige Twitter-rekeninge het selfs beweer dat ’n nuwe koronavirus in laboratoriums ontwikkel is wat deur die VSA ondersteun word (Alieva e.a. 2022:1172). Alieva e.a. (2022:1173) voer aan:

> [T]his particular narrative could serve as an extension of the broader Russian propaganda discourse about biolabs and bioweapons in Ukraine. Mentioning Pfizer and Moderna was intended to attract the attention of conservative and anti-vax users worldwide, triggering their previous exposure to conspiracy theories about vaccines.

Strudwicke en Grant (2020) het ook ondersoek ingestel na ander pogings van die IRA om die wetenskap te ondermyn, en vind benewens anti-inentingsboodskappe ook boodskappe wat klimaatsverandering ontken en plataarde-sienings propageer.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2023/j20n2b2

*2.1.5 Propaganda rondom die beeld van die Russiese staat*

Terwyl Westerse instellings ondermyn is, het Russiese propaganda Rusland self as die bastion van konserwatiewe Christelike waardes teenoor die dekadente liberalisme van die Weste uitgebeeld (Fortuin 2022:329). Hierdie propaganda het vanaf ongeveer 2011 momentum verkry en sluit in die uitbeelding van Rusland as die leier van ’n wit, konserwatiewe en patriargale Europa (Keating en Schmitt 2021:762). Homoseksualiteit is byvoorbeeld sedert 2013 gereeld in die konteks van pedofilie in die Russiese media genoem (Fortuin 2022:329). Russiese propaganda se ondersteuning van konserwatiewe waardes val saam met ’n toename in nasionaal-populistiese partysteun in Westerse state, wat beteken dat daar ’n groeiende gehoor konserwatiewes is wie se uitgangspunte resoneer met dié wat deur Russiese propaganda aangebied word (Keating en Kaczmarska 2019:11; Keating en Schmitt 2021:764). Boonop resoneer Russiese anti-Amerikaanse propaganda met vele groepe in Europa wat gekant is teen die VSA se magsposisie in die wêreld (Keating en Kaczmarska 2019:15).

Omdat Rusland homself as ’n voorstander van konserwatiewe waardes posisioneer, word veral regses deur Russiese propaganda geteiken, soos die reeds genoemde ondersteuning van Trump en Le Pen. In Bovet en Makse (2019:6) is RT se Twitter-profiel ook met regses verbind. Pierri, Luceri, Jindal en Ferrara (2022) bevind dat gebruikers op Facebook en Twitter wat vals nuus tydens die inval van die Oekraïne gedeel het, ook meer gereeld regs was.

***2.2 Russiese propaganda tydens die 2022-inval van Oekraïne***

Een van Rusland se grootste propagandaveldtogte het in aanloop tot en tydens die Russiese anneksasie van die Krim-skiereiland in 2014 en Russiese steun vir separatiste in die Donbas-gebied plaasgevind (Donetsk en Luhansk) in Oekraïne (Treyger e.a. 2022). Na die Maiden-revolusie, wat vroeg in 2014 tot ’n einde gekom het, het die Russiese veldtog gepoog om Oekraïne se nuwe regering onder Petro Porosjenko te diskrediteer ná die uitsetting van die pro-Russiese Viktor Janukovitsj (Treyger e.a. 2022:110). Vir hierdie diskreditering is pro-Westerse politieke leiers van Oekraïne daarvan beskuldig dat hulle Nazi’s is (Fortuin 2022:330; Nitszke 2022:41). Bewerings is ook in die Russiese media gemaak dat Oekraïne verantwoordelik is vir menseregteskendings, insluitend volksmoord, in die Donbas (geen ondersteunende getuienis kon hiervoor gevind word nie) (Fortuin 2022:333–4). Soos met Rusland se inval van Georgië in 2008, waartydens Rusland aangevoer het dat die Russe die plaaslike bevolking teen menseregteskendings van die Georgiese regering beskerm het, en selfs die regering van Georgië van volksmoord in Suid-Ossetië beskuldig het (Fortuin 2022:329–30), sou Rusland met ander woorde sy morele plig uitvoer om burgerlikes te beskerm. Hiervoor het Rusland vanaf 2014 militêre steun aan separatiste in Donetsk en Luhansk in die Donbasgebied voorsien, en die Krim-skiereiland is vroeg in 2014 deur Rusland geannekseer.

Die Russiese propagandanetwerk het in 2022 meestal dieselfde narratiewe rondom die Rusland-Oekraïne-Weste-verhouding gebruik om Rusland se nuwe inval in die Oekraïne te verdedig as wat sedert die anneksasie van die Krim-skiereiland vir die Rusland-Oekraïne-konflik gebruik is (Alyukov 2022:764). Daar is met ander woorde ’n groot mate van oorvleueling in Russiese propagandaboodskappe van voor en tydens die inval van Oekraïne, byvoorbeeld bewerings dat die Oekraïners (neo-) Nazi’s is, bewerings van menseregteskendings in die Donbas deur Oekraïense magte, bewerings van Navo-uitbreiding, ens. Al hierdie bewerings is reeds as vals bewys (EUvsDisinfo 2022a; 2022b).

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2023/j20n2b2

Met die inval van Oekraïne in Februarie 2022 het die Russiese regering 180 onafhanklike mediakanale in Rusland verbied, insluitend die radiostasie The Echo of Moscow en TV Rain (Fischer 2022:3). Facebook, Instagram en Twitter is ook in Rusland opgeskort, alhoewel Russiese instellings steeds hierdie platforms in die buiteland gebruik het (Fischer 2022:3; Ślufińska 2022:73). Dit het die geleentheid binne Rusland geskep om beheer uit te oefen oor watter inligting hulle eie gehore bereik, terwyl Russiese propaganda weer eens op groot skaal gebruik gemaak het van sosialemediaplatforms om gehore buite Rusland te bereik (Geissler e.a. 2022). Deur ’n ontleding van 349 455 twiets wat tussen Februarie en Julie 2022 deur 132 131 Twitter-rekeninge geplaas is, het Geissler e.a. (2022) hierdie propagandaveldtog bestudeer en aangetoon dat pro-Russiese propaganda veral die VSA, Indië en Suid-Afrika geteiken het. Die navorsers skryf die teikening van hierdie lande daaraan toe dat Rusland openbare steun vir Oekraïne in die VSA probeer ondermyn, terwyl Indië en Suid-Afrika beide buite stemming gebly het rakende VN-resolusie ES-11/1 en daarom meer simpatiek ten opsigte van die Russiese siening behoort te wees.

Nuwe boodskappe is ook deur die Russiese propagandanetwerk tydens die inval met gevestigde temas in verband gebring. Die bewering dat biologiese wapens in Oekraïne onder Navo-instruksies vervaardig word, is op 6 Maart 2022 deur die Russiese nuusagentskap Tass gedeel, waarna dit deur verskeie ander Russiese media-agentskappe versprei is (Hanley e.a. 2022b). Selfs Rusland se Ministerie van Buitelandse Sake het die storie versprei (Hanley e.a. 2022b), asook Tucker Carlson van Fox News (Cercone en Greenberg 2022). Hierdie storie was só wydverspreid dat dit die tweede mees gedeelde onderwerp in Hanley e.a. (2022b) se ondersoek is, ten spyte daarvan dat die storie vals bewys is (Cercone en Greenberg 2022; Hanley e.a. 2022b; EUvsDisinfo 2023). In werklikheid onderneem die laboratoriums navorsing oor ’n verskeidenheid siektes, sonder enige militêre oogmerk, maar pro-Russiese propaganda poog om die lyn tussen biologiese wapens en biologiese navorsing te vervaag (EUvsDisinfo 2023). Hierdie vals nuus strook ook met vorige Russiese pogings om vals nuus rondom biologiese wapens te versprei, byvoorbeeld hulle bewering in 1985 dat die menslike immuniteitsgebrekvirus (MIV) deur die VSA vervaardig is en doelbewus onder mense in Afrika versprei is (Leitenberg 2020:4; Duberry 2022:175). In hierdie geval was die doel van hierdie veldtog om die VSA se geloofwaardigheid te ondermyn, anti-Amerikaanse sentimente te bevorder en wrywing tussen die VSA en sy bondgenote te genereer (Duberry 2022:175).

Sedert 4 Maart 2022 het die Russiese webblad WarOnFakes.com (https://waronfakes.com), begin om vals nuus rakende die oorlog te versprei deur sogenaamde feitekontrolering (“fact checking”), veral ten opsigte van Oekraïense bewerings van Russiese menseregteskendings (Hanley e.a. 2022b). Die formaat van feitekontrolering is vermoedelik bedoel om geloofwaardigheid aan stories te verleen deur die Westerse model, byvoorbeeld EUvsDisinfo (https://euvsdisinfo.eu), na te boots.

EUvsDisinfo (2022a; 2022b) noem die volgende vals narratiewe wat deur Rusland aangebied is voor die inval van Oekraïne:

- “Die huidige spanning is die gevolg van aanhoudende aggressiewe gedrag van Oekraïne en sy bondgenote in die Weste. Rusland doen niks anders as om sy wettige belange te verdedig nie en is nie verantwoordelik vir hierdie konflik nie.”
- “Oekraïne moet hom na Rusland wend omdat die EU en die Weste nie in die land belangstel nie en dit laat vaar het.”

- “Die huidige krisis is die skuld van Navo en die Weste. As hulle hul belofte nagekom het om nie die alliansie te vergroot nie, sou Rusland nie bedreig voel nie.”
- “As gevolg van NAVO se aggressiewe uitbreiding is Rusland nou ‘omsingel deur vyande’ en moet hy homself verdedig.”
- “Oekraïne het doelbewus die Minsk-ooreenkomste oortree, en die Weste bewapen Oekraïne verder. Rusland moet vinnig reageer deur sy grense te verdedig. Die provokasie kom uit die Weste.”
- “Die EU is swak en irrelevant. Hoekom selfs die moeite doen om met die EU te praat?”
- “Oekraïense magte gaan binnekort ’n groot offensief in Donbas loods.”
- “Oekraïne beplan om ’n terreuraanval in Donbas of Rusland uit te voer (met talle ongevalle onder die burgerlike bevolking).
- “Oekraïne voer volksmoord teen die Russiessprekende bevolking in die Ooste uit.”
- “Oekraïne sal chemiese en ander verbode wapens teen burgerlikes in Donbas gebruik. Die VSA beplan ’n ‘vals vlag’- chemiese wapenaanval op Donbas.”

Hiermee saam kan die volgende lys Russiese narratiewe uit vorige navorsing saamgestel word wat Rusland tydens die inval van Oekraïne gebruik:

1. Anti-Navo en Navo-uitbreiding (Alieva e.a. 2022; Alyukov 2022; Fischer 2022; Hanley e.a. 2022a, 2022b; Treyger e.a. 2022).
2. Die voorstelling van Novorossiya, wat Donetsk en Luhansk as deel van Rusland ag (Fortuin 2022; Treyger e.a. 2022).
3. Dat Oekraïners in die Krim-skiereiland die Russiese anneksasie verwelkom het (Treyger e.a. 2022:112), die gepaardgaande siening dat Rusland Oekraïners bevry (Fischer 2022; Hanley e.a.2022a; 2022b), dat die Oekraïense regering mense in die Donbas met geweld (selfs volksmoord) onderdruk (Fischer 2022; Fortuin 2022; Johnson 2022; Ślufińska 2022; Tyszkiewicz 2022), en die gepaardgaande siening dat Rusland separatiste help (Hanley e.a. 2022a; Ślufińska 2022; Treyger e.a. 2022).
4. Die val van Viktor Janukovitsj was die gevolg van ’n fascistiese staatsgreep (Treyger e.a. 2022) en die nuwe regering is neo-Nazi’s (Walter e.a. 2020; Fischer 2022; Fortuin 2022; Hanley e.a. 2022a, 2022b; Johnson 2022; Nitszke 2022; Ślufińska 2022).
5. Die Oekraïense regering is korrup en het misluk (Walter e.a. 2020; Tyszkiewicz 2022).
6. Die oprigting van biologiesewapenlaboratoriums deur die Weste in Oekraïne (Alieva e.a. 2022; Hanley e.a. 2022a; 2022b; Ślufińska 2022; Tyszkiewicz 2022);
7. Die Westerse media is nie betroubaar nie (Hanley e.a. 2022a; 2022b; Ślufińska 2022; Treyger e.a. 2022).

Benewens hierdie narratiewe moet in gedagte gehou word dat Rusland homself as voorstander van tradisionele Christelike waardes uitbeeld (Keating en Kaczmarska 2019; Keating en Schmitt 2021; Fortuin 2022; EUvsDisinfo 2023). Omdat hierdie aspek van Russiese propaganda ook neerslag mag vind in Afrikaanse kommentare, is dit saam met bostaande argumente in die huidige ondersoek hier onder ingesluit.

In antwoord op Russiese propagandaveldtogte tydens die inval van Oekraïne het die EU, die VK, die VSA, Kanada en Australië RT en Sputnik verban (Kling, Toepfl, Thurman en Fletcher 2022:2; Pamment 2022:2). YouTube, Facebook, TikTok, Instagram, Twitter en Telegram het ook Russiese kanale gesluit, alhoewel sommiges voortgegaan het (Pamment 2022:3). In Suid-Afrika het MultiChoice ook RT verban.

Biehl (2022a; 2022b) merk dat vele Afrikaners pro-Russiese en anti-Westerse sienings huldig. In Biehl (2022b) noem hy ’n paar van bogenoemde sienings in Afrikaners se argumente ter ondersteuning van Rusland:

> Die inval van Oekraïne was die reaksie op die inmenging van die Weste in Rusland se invloedsfeer; Oekraïne is korrup, word deur Nazi’s beheer en onderdruk die Russiese minderheid in die ooste van die land; Oekraïne is ’n kunsmatige land sonder identiteit en historiese wortels en het daarom geen bestaansrede nie, terwyl Rusland ’n oeroue beskawing is.

Alhoewel Biehl (2022a; 2022b) hierdie punte weerlê, dui kommentare op Maroela Media-artikels en meningstukke rakende hierdie oorlog daarop dat daar Afrikaners is wat sterk glo dat Rusland se inval van Oekraïne geregverdig kan word, soos in die res van die huidige artikel ondersoek word.

Die volgende afdeling bespreek die metodes wat gevolg is.

## 3. Metodes

### *3.1 Dataversameling*

Kommentare op Maroela Media (https://maroelamedia.co.za/tag/rusland-oekraine-konflik/page/10/) se berigte en meningstukke wat met die etiket *Rusland-Oekraïne-konflik* gemerk is, is op 20 Februarie 2023 met behulp van Octoparse (https://www.octoparse.com) geskraap. Dit beteken dat meer as ’n jaar se berigte ingesluit is (die oudste berig met hierdie etiket is op 25 Januarie 2022 geplaas). Maroela Media is gekies omdat dit tans die gewildste Afrikaanse nuusbron is, wat beteken dat ’n groot aantal Afrikaanse lesers kennis neem van die inhoud van berigte en die geleentheid het om daarop kommentaar te lewer. Wat unieke besoekers betref, is Maroela Media se getalle soortgelyk aan dié van Netwerk24, maar wat bladsyvertonings betref, is Maroela Media die grootste Afrikaanse webwerf (Van Heerden 2023). Maroela Media het byvoorbeeld 2 125 817 lesers en 8 574 357 besoeke in Maart 2023 op hul webwerf gehad, wat op ’n groot reikwydte dui (Van Heerden 2023). Maroela Media is ook gratis, anders as Netwerk24, wat beteken dat enigeen met ’n internetverbinding toegang tot Maroela Media het. Geen inligting is egter beskikbaar oor Maroela Media-lesers se ideologiese voorkeure of politieke sienings nie.

Slegs die eerstevlakkommentare is geskraap, met ander woorde kommentare op berigte, nie kommentare op kommentare nie. Hierdie kommentare is verkies bó Maroela Media se Facebook-plasings ter wille van gebruikers se anonimiteit, aangesien kommentare onderaan Maroela Media se berigte anoniem geplaas kan word (onder skuilname), terwyl kommentare op Facebook-plasings gebruikers se name insluit.

### *3.2 Data-verwerking*

Twee rekenaarmatige teksontledingsbenaderings is gebruik, naamlik onderwerpmodellering en die saamstel van sleutelterme, waarna kommentare ook handmatig deurgegaan en volgens sentiment en tema geklassifiseer is (sien verderaan). Voor rekenaarmatige metodes toegepas kon word, moes die teks eers verwerk word. Gebruikers spel nie altyd konsekwent nie, gebruik nie hoofletters konsekwent nie en gebruik soms Engelse afkortings (byvoorbeeld NATO), of gebruik selfs die Engelse name van lande. Enige teksontleding vereis daarom ’n mate van voorbereiding, wat onder andere insluit om die teks na kleinletters om te skakel en om leestekens te verwyder. Vir die onderwerpmodelleringskomponent van hierdie ondersoek is hierdie stappe outomaties ingesluit in die metode soos voorgestel deur Benabdelkrim, Levallois, Savinien en Robardet (2020) (sien verderaan), maar omdat hierdie prosesse vir ’n Engelse korpus ontwikkel is, is alle kommentare eers na Engels omgeskakel met behulp van Google Translate.

Vir die onttrekking van kernwoorde is die Afrikaanse kommentare gebruik, leestekens is verwyder, die teks is na kleinletters omgeskakel, en die name van lande en organisasies is gestandaardiseer (*NATO* is byvoorbeeld met *NAVO* vervang, *USA* en *Amerika* is met *VSA* vervang, en *Ukraine* is met *Oekraïne* vervang). Die teks is ook deurgegaan vir spelfoute wat betref die name van lande. Hierna is ’n lys van Afrikaanse stopwoorde self saamgestel en uit die teks onttrek, waarna ’n lys van sleutelwoorde wat gereeld in hierdie kommentare voorkom, saamgestel is. Omdat die fokus op pro-Russiese sentimente val, is die lys van sleutelterme slegs vir die pro-Russiese kommentare hier onder aangebied, terwyl onderwerpmodellering op die hele korpus toegepas is.

### *3.3 Dataklassifikasie*

Kommentare is eerstens volgens onderwerp gegroepeer met behulp van die metode soos voorgestel deur Benabdelkrim e.a. (2020). Benabdelkrim e.a. verdeel ’n teks in woordpare nadat die teks skoongemaak is, stel dan ’n woordkovoorkomsnetwerk saam waar ’n skakel aangedui is tussen woorde wat saam in ’n teks voorkom, en identifiseer daarna onderwerpe deur woorde wat gereeld saam voorkom met behulp van die Louvain-algoritme (Blondel, Guillaume e.a. 2008) te identifiseer. (Sien Senekal en Kotzé 2017 vir die saamstel van woordkovoorkomsnetwerke.) Die Louvain-algoritme (Blondel e.a. 2008) identifiseer gemeenskappe in netwerke waar daar meer skakels onderling tussen nodusse (in hierdie geval woorde) voorkom as wat die geval sou wees indien skakelvorming lukraak plaasgevind het. ’n Gemeenskap in die woordkovoorkomsnetwerk is dan ’n onderwerp in die teks, en word verteenwoordig deur ’n lys van sleutelterme wat met die onderwerp saamhang. Al bogenoemde funksies, vanaf teksvoorbereiding tot die toepassing van die Louvain-algoritme, is geïmplementeer in die onderwerpmodelleringsfunksie wat die skrywers op Nocodefunctions.com (https://nocodefunctions.com/topics/topic_extraction_tool.html) beskikbaar gestel het.

Daar is verwag dat ’n rekenaarmatige onderwerpmodellering uitdagings kan ondervind met die korpus kommentare wat ondersoek word, omdat die betekenis van ’n kommentaar nie altyd in die kommentaar self vervat is nie, maar soms eerder in die konteks. ’n Gebruiker sal byvoorbeeld gereeld op ’n berig of meningstuk reageer met ’n kommentaar soos “stem saam” of “netso”, en alhoewel hierdie kommentare op sigself onduidelik is, verskaf die konteks duidelikheid. Boonop maak gebruikers gereeld stellings wat agtergrondskennis benodig om te begryp, byvoorbeeld die volgende kommentare (wat ongeredigeer weergegee word):

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2023/j20n2b2

- Die ANC boeties se oorlog !!
- Ek sou hom gehelp het
- Tiepies van n kommunis.

Omdat daar voorsien is dat onderwerpmodellering probleme kon ondervind met die klassifikasie van kommentare, en omdat hierdie korpus boonop betreklik klein is, is kommentare daarom handmatig deurgegaan en volgens onderwerpe geklassifiseer.

Kommentare is eerstens geklassifiseer volgens die gebruiker se sentiment, naamlik as *pro-Rusland*, *pro-Oekraïne* en *onduidelik/ander*. Hierdie drie kategorieë is gekies sodat pro-Russiese en pro-Oekraïense sentimente eerstens vergelyk kon word, en tweedens sodat bepaal kon word of pro-Russiese kommentare verder met Russiese propaganda in verband gebring kon word. Kommentare wat nie as pro-Russies of pro-Oekraïens geklassifiseer kon word nie, is as *onduidelik/ander* gemerk. Meer spesifiek is kommentare soos volg geklassifiseer:

1. Wanneer ’n kommentaar ’n duidelike voorkeur vir een kant uitspreek, is die kommentaar as pro-Russies of pro-Oekraïens geklassifiseer. Wanneer ’n kommentaar ’n duidelike afkeer van een kant, byvoorbeeld Navo, uitspreek, is die kommentaar geklassifiseer as positief teenoor die ander kant. Heelwat kommentare was nie duidelik nie, maar in sommige gevalle kon onduidelikhede uitgeklaar word deur na die konteks te kyk.
2. Wanneer dit onduidelik was waarna die spreker verwys en die konteks kon nie uitklaring bied nie, is die kommentaar as *onduidelik/ander* gemerk. Algemene stellings wat byvoorbeeld oorlog oor die algemeen afkeur, of met slagoffers oor die algemeen simpatiseer, is ook as *onduidelik/ander* gemerk. Kommentare wat niks met die oorlog te make het nie, byvoorbeeld die vele kommentare rondom die spelling van *Poetin*, is as *onduidelik/ander* gemerk.

Na die eerste klassifisering is pro-Russiese kommentare verder geklassifiseer op grond van die sewe kategorieë wat uit die voorafgaande navorsing na vore gekom het en in afdeling 2.2 weergegee is, sowel as die verdere punt dat Rusland homself as ’n tradisionele Christelike land posisioneer. Die oorweging was dat indien ’n Afrikaanse gebruiker byvoorbeeld aanvoer dat die oprigting van biologiesewapenlaboratoriums deur die VSA en Navo in Oekraïne ’n rede vir die oorlog is, en vorige navorsing het hierdie narratief in Russiese propaganda uitgelig, dan kan ’n verband tussen ’n Afrikaanse kommentaar en Russiese propaganda getref word. Indien ’n gebruiker dit andersins stel dat hy Rusland ondersteun omdat die Russe saam met die Boere tydens die Anglo-Boereoorlog geveg het, en hierdie tema is nie in vorige navorsing uitgelig as deel van Russiese propaganda rondom hierdie oorlog nie, dan kan geen verband tussen ’n Afrikaanse kommentaar en Russiese propaganda getref word nie. Die sewe propaganda-narratiewe hier bo sal egter nie eenders werk en noodwendig op ’n verband tussen Russiese propaganda en Afrikaanse kommentare dui nie. Anti-Amerikaanse sentimente, sameswerings-teorieë en ’n gebrek aan vertroue in die media bestaan almal onafhanklik van Russiese propaganda, en hierdie nuanse word in die bespreking hier onder verreken.


Tydens die tweede klassifisering is daar ook ’n kategorie vir *onduidelik* bygevoeg, omdat daar verwag is dat sommige kommentare ’n pro-Russiese sentiment sal uitdruk sonder om ’n rede te verskaf, byvoorbeeld indien ’n gebruiker sou skryf dat hy ’n Poetin-ondersteuner is en niks verder nie. Daar is ook ’n kategorie *ander* bygevoeg ingeval mense redes vir die ondersteuning van Rusland verskaf wat nie hier bo vervat is nie.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2023/j20n2b2

Wanneer ’n kommentaar meer as een rede vir die ondersteuning van Rusland aanvoer, is voorkeur gegee aan die redes wat hier bo gelys is (indien die rede vermeld word). Wanneer meer as een van hierdie redes verstrek word, is die eerste vermelde rede as klassifikasie gebruik.

Die tweede klassifisering het nie pro-Oekraïense stellings verder ondersoek nie, omdat die fokus op die neerslag van Russiese propaganda in hierdie kommentare is.

Ter opsomming het die klassifisering van kommentare geskied soos in Figuur 1.




**Figuur 1. Die klassifikasie van kommentare**

Tabel 1 verskaf 12 voorbeelde van kommentare en hul klassifikasies, met voorbeelde uit elke eerstevlakklassifikasie. Kommentare word ongeredigeer weergegee.

**Tabel 1. Voorbeelde van kommentare en hulle klassifikasies**

| Nommer | Tema | Sentiment | Kommentaar |
|---|---|---|---|
| 1 | | Onduidelik/ander | Van wanneer af verander spelling van iemand se naam? Dit is Vladimir Putin en nie Wladimir Poetin nie. Kom asseblief by MM! |
| 2 | | Onduidelik/ander | Ek bid nog elke dag dat hierdie oorlog tot 'n einde sal kom. |
| 3 | | Onduidelik/ander | Kom Jesus Kom |
| 4 | | Onduidelik/ander | Vreemd hoe hierdie vreemde stadsname deesdae vir ons bekend geword het. Voor hierdie oorlog het ek amper nie eers geweet watter stad is die hoofstad van Oëkraine nie. Nou is ons bekend daarmee a.g.v 'n oorlog. |
| 5 | | Pro-Oekraïne | Volgens sommiges is dit vals nuus / Putin is die held / dit is alles 'n sameswering. Hoe blind kan mense wees ? |
| 6 | | Pro-Oekraïne | Putin/Poetin (hoe die "puriste" dit ookal wil uitspreek), het die akteur-President, Wolodimir Zelenski totaal-en-al onderskat. Hy het gedink Zelenski gaan net terugstaan en oorgee, maar toe word die ware leier in hom net wakker gemaak. |
| 7 | | Pro-Oekraïne | Poetin ondersteuners is oningelig en glo almal aan hierdie onnoselike sameswering steorie |
| 8 | | Pro-Oekraïne | Mense se hande is agter hulle rue vasgebind, hulle is in die kop geskiet. Dis nie oorlog nie, dis teregstelling. Hoe die pro-Putin lesers dit met kommentaar soos "hulle is burgerlikes met wapens" en "maar dis CNN" goed praat, is net so skokkend soos die beelde self. Hierdie groep leser baklei verskriklik hard daarteen om nie deur "westerse media gebreinspoel" te word nie. Jy val maar ook vir 'n narratief, dis net 'n ander een, jy is glad nie so unieke denker nie. |
| 9 | Biologiese-wapen-laboratoriums | Pro-Rusland | Oekraïene het totaal verval sedert sy onafhanklikheid en die leiers het een na die ander net hulself gedien. In plaas van hul land uit te bou wou hulle eerder nog grond gryp en betrokke geraak by uitlanders soos Hunter Biden en Navo se planne. Wat soek die biolabs daar? Rusland het bewyse gelewer dat |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | Oekraïne die Nederlandse vlug afgeskiet het, maar die Weste weier om dit te glo. Zelensky speel die Pous en almal betaal hom big time vir sy sluwe rol. |
| 10 | Anti-NAVO en Navo-uitbreiding | Pro-Rusland | Moeder Rusland verdedig haarself teen vsa en n paar volgelinge. |
| 11 | Oekraïne se regering is neo-Nazi’s | Pro-Rusland | Dit is interesant om die hoe vlak van steun hier te sien vir n weermag wat basies uit Neo Nazis bestaan gelei deur n eks komediant en dwelmverslaafde leier en president wat deur die korrupte weste daar gestel is. Die Russiese gemeenskap word al vanaf 2014 deur Azmov aangeval- terugbetaaltyd nou. mooi so Rusland |
| 12 | Die Westerse media is onbetroubaar | Pro-Rusland | Poetin staan op vir sy mense. Net die blindes met die 3 inspuitings en die geel en blou Facebook prentjies glo nog in die Westerse media. |


### *3.4 Etiese kwessies*

Data vir die huidige ondersoek is doelbewus vanaf Maroela Media se eie webwerf versamel, eerder as vanaf hul Facebook-plasings, omdat kommentare op Maroela Media onder skuilname geplaas kan word. Facebook-kommentare word nie anoniem gemaak nie, en omdat hierdie onderwerp kontroversieel is, was die oorweging dat navorsing nie inligting behoort uit te lig wat tot enige skade vir gebruikers kan lei nie. Deur anonieme kommentare te gebruik, word hierdie risiko vermy.

## 4. Resultate

Daar is 1 427 kommentare in hierdie datastel wat deur 406 gebruikers geplaas is teen ’n gemiddeld van 3,51 kommentare per gebruiker. Met behulp van Benabdelkrim e.a. (2020) se metode is onderwerpe in die kommentare geïdentifiseer, en ses onderwerpe is uitgelig. Hierdie onderwerpe is met verskillende kleure in Figuur 2 aangedui. Slegs die etikette van die woorde met die hoogste gebruiksfrekwensie word vertoon.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2023/j20n2b2




**Figuur 2. Onderwerpe in die woordkovoorkomsnetwerk**

Dit was nie op grond van die sleutelterme duidelik wat presies hierdie onderwerpe is nie, en daarom is onderwerpmodelleringsresultate met die handmatige klassifikasie van kommentare vergelyk. Tabel 2 dui die resultate van hierdie vergelyking aan, met die hoogste waardes in rooi uitgelig, en die laagste waardes in groen. Hier kan gesien word dat die twee metodes se resultate nie ooreenstem nie: Onderwerp 0 is byvoorbeeld die onderwerp waaronder die meeste kommentare ingedeel is vir al drie kategorieë. Onderwerpmodellering kon met ander woorde nie onderskei tussen pro-Russiese, pro-Oekraïense en ander kommentare nie. Omdat die resultate van onderwerpmodellering nie in hierdie ondersoek sinvol was nie, word hierdie resultate nie verder in die huidige artikel bespreek nie.

**Tabel 2. ’n Vergelyking van die rekenaarmatige en handmatige teksklassifiserings**

| Onderwerp | Pro-Rusland | Pro-Oekraïne | Onduidelik/ander |
|---|---|---|---|
| 0 | 169 | 131 | 230 |
| 1 | 61 | 51 | 109 |
| 2 | 10 | 20 | 39 |
| 4 | 8 | 10 | 27 |
| 5 | 6 | 4 | 14 |
| 6 | 1 | 0 | 2 |

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2023/j20n2b2

Soos vroeër bespreek, is die kommentare handmatig in drie kategorieë geklassifiseer. In Tabel 3 kan gesien word dat die grootste getal kommentare se sentimente nie bepaal kon word nie. Dit gebeur omdat mense hoofsaaklik met die onderwerp van ’n artikel in gesprek tree, en wanneer ’n berig byvoorbeeld handel oor die Suid-Afrikaanse regering se standpunt oor die oorlog, is daar vele kommentare wat bloot die ANC se bevoegdheid kritiseer, sonder om standpunte vir of teen die Russiese inval te verwoord. Bykans die helfte van kommentare het egter ’n voorkeur vir of afkeer van een party uitgespreek, met pro-Oekraïense kommentare ietwat meer volop as pro-Russiese kommentare.

**Tabel 3. ’n Opsomming van eerstevlakklassifikasies**

| Sentiment | Kommentare | Persentasie |
|---|---:|---:|
| Onduidelik/ander | 744 | 52,14% |
| pro-Oekraïne | 350 | 24,53% |
| pro-Rusland | 333 | 23,34% |

Figuur 3 toon ’n woordwolk van sleutelterme wat in die 333 pro-Russiese kommentare aangetref is, met slegs terme wat tien keer of meer voorgekom het, ingesluit. Die grootte van woorde dui hulle voorkoms aan. Hier kan reeds gesien word dat terme soos *media*, *NAVO* en *Weste* gereeld voorkom, asook terme soos *Nazi*, *waarheid*, *neo*, *propaganda* en *Donbas*. Die voorkoms van hierdie terme word hier onder in meer besonderhede bespreek.




**Figuur 3. Sleutelwoorde in pro-Russiese kommentare**

Figuur 4 hier onder toon die verdere klassifikasie van pro-Russiese kommentare. Die oorweldigende meerderheid pro-Russiese kommentare verwoord ’n anti-Navo- en anti-Westerse mediasiening. Die meeste pro-Russiese kommentare (42,64%) verwys na anti-Navo- en Navo-

uitbreiding, waar *Navo* gereeld as sinoniem net *die VSA* gebruik word. Verskeie kommentare verwoord ’n siening dat Rusland deur Navo bedreig word, met enkeles wat ook glo dat Navo-uitbreiding China volgende sal teiken. Hier moet ook genoem word dat dit in sommige gevalle moeilik was om te onderskei tussen kommentare teen Navo-uitbreiding en teen die sogenaamde Nuwe Wêreldorde (NWO), wat volgens sommige gebruikers deur Navo gedryf en deur Rusland beveg word. Navo en NWO word in ’n paar kommentare in dieselfde sin genoem, George Soros word ook genoem, en daar is ook verwysings na die "globaliste". In Figuur 3 is dit veral terme soos *NAVO*, *VSA* en *Weste* wat met hierdie tema verbind kan word. Een kommentaar lees byvoorbeeld (hier ongeredigeer weergegee):

> vsa was die opstokers van die oorlog. Victoria Nuland en haar vriendin Hillary Clinton, Blinken, Kerry, Soros sit agter dit. Die hele doel daar agter is om Rusland by te kom. Deel van hulle Nuwe wêreld Orde plan. Hulle voel NIKS vir die mense va oekraïne nie.

Die tweede grootste kategorie (23,72% van kommentare) verwys na die onbetroubare Westerse media, en kommentare verwys gewoonlik na die hoofstroommedia (in sommige kommentare "MSM" vir "mainstream media" genoem), asook bewerings dat die Russiese media die "waarheid" versprei, en dat Westerse media "propaganda" is. Soos Figuur 3 aandui, kom terme soos *waarheid*, *propaganda*, *media* en *RT* – wat met ’n gebrek aan vertroue in die Westerse media verband hou – gereeld in hierdie kommentare voor. Een kommentaar lees byvoorbeeld (ongeredigeer weergegee):

> Dit wys weereens dat die MSM met sy verskuilde agenda niks anders as leuennuus is nie. Volgens die flopnuus van MSM is poetin besig om die oorlog te verloor terwyl George Soros, (n Hungarians gebore Amerkaanse billioenêr belegger en filantroop), se neffie kwansuis die russe bloedneus gee. Die baddy hier is die verstandelijk belemmerde Biden wat niks anders is as n pop in die poppenspel van die superryk wat na n een wêreld bestel streef en die wêreld in n wêreld oorlog wil dompel nie.

Die derde grootste kategorie (6,61% van kommentare) verwys na die bevryding van Donbas, met vele verwysings na menseregteskendings in hierdie gebied deur die Oekraïense magte. Figuur 3 wys ook die term *donbas* as een van die terme wat meer as 10 keer in hierdie datastel voorkom. Rusland word in hierdie opsig uitgebeeld as ’n redder van die onderdrukte Russiese minderheid, soos in hierdie kommentaar gesien kan word (ongeredigeer):

> Toe Oekriene nie gehoor gee aan die Minsk ooreenkoms nie, onder druk van America, het Putin die 2 gebiede erken en hul beskerming gegee. Dit kon alles oogelos gewees het as Oekraiene, wat uiteraard korrup is, net gehoor gegee het aan die Minsk ooreenkoms. Omdat Rusland nie aan geval het nie, het Oekraiene, aangepor deur America die 2 gebiede aan geval in n vals flag operasie om Rusland uittelok. Toe tree Putin op om die moord op die mense te stop. Dit gaan al 7 jaar aan. 13 700 mense is al vermoor deur die Oekraiene alliansie, lees America en vennote. Moet my nie glo nie, doen jou huiswerk en lees meer. Ons is in die middle van die new world order waar ons nie meer bestaan nie. Kyk na die malligheid met die vaccines. Rusland en Sjina het hulle eie gemaak wat nie dood maak nie, dus is net westerse vaccines beskikbaar. Rusland en Sjina speel nie saam nie. Rusland en Sjina is nie onskuldig nie in afgryse nie, maar hier is hulle reg. Hoe meer jy weet, hoe meer Kan jy sien wat aangaan. Lees.

Wat ook interessant is van hierdie opmerking, is die verwysing na Sputnik V, wat volgens Russiese propaganda (en hierdie kommentaar) beter sou wees as Westerse entstowwe (Horawalavithana e.a. 2022:8). Hiermee saam verwys die kommentaar weer eens na die Nuwe Wêreldorde.

Die res van die kategorieë bevat elk minder as 20 kommentare. Daar is ’n aantal verwysings na die beweerde biologiesewapenlaboratoriums in Oekraïne (5,71% van kommentare), byvoorbeeld (ongeredigeer):

> Beide die regerings van die Oekraïne en die VSA is net so aandadig aan die gemors as die Russe. Hoe kon die Oekraïne toelaat dat die VSA 26 laboratoriums vir die ontwikkeling van biologiese wapens in die Oekraïne oprig? Hulle het beide met die leeu se anavomie gespeel, hy het telkens gebrul en hulle gewaarsku, maar nou word kleinboet afgeknou terwyl grootboet weghol en hom alleen agterlaat om die prys daarvoor te betaal.

Dieselfde getal kommentare (5,71% van kommentare) verwys na Oekraïne as ’n mislukte staat, met vermeldings van korrupsie in die Oekraïense regering, hulle onbevoegde leierskap, en dat Zelenski nie demokraties verkose is nie. Een kommentaar lees byvoorbeeld (ongeredigeer):


> Oekraïne is bekend as een van die korrupste lande in daardie geweste. Zelensky het ook opposisie partye verbied en is bekend daarvoor om sy opponente en andersdenkendes te vermoor. Daarby ondersteun sy weermag Nazi beginsels. Hy is ook skatryk soos ons eie Rampadda. Hierdie komediant is nie so onskuldig as wat hy hom voordoen nie, hy het Poetin gesoek vir n klap. En nou lag die VSA want hul wapenindustrie trek voordeel.

’n Kleiner aantal pro-Russiese kommentare (5,11% van kommentare) verwys daarna dat die Oekraïense regering neo-Nazi’s is. Figuur 3 hier bo wys ook dat die term *Nazi* een van die terme is wat meer as 10 keer in hierdie datastel voorkom. Die vorige genoemde kommentaar is ’n voorbeeld van so ’n kommentaar, maar alle vermeldings daarvan dat Oekraïne neo-Nazi’s is, is nie so geklassifiseer nie, omdat ’n ander tema eerste in die kommentaar genoem is.

Min kommentare (1,5%) verwys daarna dat Rusland konserwatief is, teenoor die siening dat die Weste liberaal is. Daar is ook baie min kommentare (0,9%) wat noem dat Oekraïne deel moet wees van Rusland, en hierdie kategorie se etiket is nie sigbaar in Figuur 4 nie.

Oor die algemeen kan 91,9% van pro-Russiese kommentare op hierdie berigte en meningstukke van Maroela Media verbind word met temas wat in Russiese propaganda voorkom, met slegs 8,1% wat ander pro-Russiese sentimente verwoord.

https://doi.org/10.56273/1995-5928/2023/j20n2b2




**Figuur 4. Pro-Russiese kommentare volgens tema**

## 5. Bespreking

Soos Figuur 4 aandui, is narratiewe wat prominent in Russiese propaganda voorkom, ook argumente wat prominent voorkom in pro-Russiese kommentare op Maroela Media se berigte en meningstukke oor hierdie oorlog. Hiervan is anti-Navo-sienings en anti-Westerse-media-sienings die volopste, gevolg deur sienings dat Rusland die mense in die Donbas bevry, en dat Oekraïne ’n mislukte staat is. Die verwysings na biologiesewapenlaboratoriums en dat Oekraïne se regering neo-Nazi’s is, is veral noemenswaardig, omdat hierdie besonderhede dui op ’n onmiskenbare verband tussen Russiese propaganda en Afrikaanse kommentare. Let ook op die voorkoms van trefwoorde wat deur Madisson en Ventsel (2022:453) in die Russiese media uitgelig is, byvoorbeeld hoofstroommedia (MSM) en Nuwe Wêreldorde (NWO), en alhoewel “globaliste” nie een van die terme was wat meer as 10 keer in hierdie datastel voorgekom het nie, het dit wel nege keer voorgekom. Die voorbeelde van kommentare wys ook dat samesweringsteorieë vervleg is met pro-Russiese kommentare, onder andere met verwysing na George Soros, inentings en die NWO. Bitter min pro-Russiese kommentare sien egter Oekraïne as deel van Rusland.

Dit is duidelik dat Russiese propaganda neerslag vind in die kommentare onderaan berigte op Maroela Media oor hierdie konflik. Vir sommige pro-Russiese argumente is die verband egter

duideliker as ander. Terwyl die bewering van biologiesewapenlaboratoriums in Oekraïne, menseregteskendings deur die Oekraïense magte, die onderdrukking van mense in die Donbas-gebied, en die benoeming van die Oekraïense regering as neo-Nazi's, op 'n verband tussen Russiese propaganda en Afrikaanse kommentare op hierdie berigte en meningstukke dui, kan ander oorsake vir anti-Westerse-media- en anti-Navo-sentimente verantwoordelik wees. Treyger e.a. (2022:82) se reeds genoemde stelling dat die huidige tydsgees aan 'n verlies aan vertroue in die professionele media en die wetenskap gekenmerk word, kan ook vir anti-Westerse-media-sienings verantwoordelik wees. Hiermee saam het sameweringsteorieë oor die afgelope dekade alombekend geword, en Russiese propaganda skakel hierby in sonder dat dit noodwendig sameweringsteorieë hoef te skep. 'n Sterk anti-Amerikaanse gevoel is ook reeds gevestig, en die oorlog in Oekraïne kan moontlik slegs 'n manifestering van hierdie sentiment wees.

Verder moet in gedagte gehou word dat dit nie hier moontlik is om te bepaal presies hoe hierdie Russiese narratiewe Afrikaanssprekende lesers bereik nie. Dit mag wees dat sommige mense Russiese nuusagentskappe volg (soos die voorkoms van RT in die kernwoorde suggereer), of andersins onwetend Russies-gesinde gebruikers op sosiale media volg, of dalk selfs inligting bekom via Amerikaanse of Europese sosialemediagebruikers wat direk of indirek aan Russiese propaganda blootgestel word. Dit mag ook wees dat mense deur hul sosiale netwerke blootgestel word aan inligting wat ander mense via sulke kanale ontvang het. Inligting versprei deur 'n verskeidenheid kanale, en hier is nie ondersoek ingestel na presies hoe hierdie inligting versprei nie.[3]

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat hier geen poging aangewend is om die sentiment van Afrikaners oor die algemeen te bepaal nie, en die bevindinge van die huidige ondersoek is slegs op die huidige datastel van toepassing. Alhoewel Maroela Media een van die gewildste Afrikaanse nuuskanale is, het slegs 406 mense kommentaar op hierdie plasings gelewer, wat die bevindinge nie veralgemeenbaar maak nie. Boonop is dit onseker of Maroela Media-lesers meer gereeld bepaalde ideologiese of politieke sienings deel, wat moontlik anders kan wees as die lesers van ander Afrikaanse nuusbronne. Hierdie ondersoek sou egter as wegspringplek gebruik kon word vir 'n meer verteenwoordigende meningsopname onder Afrikaners.

## 6. Ten slotte

In die huidige tydperk waarin inligting vinnig globaal deur middel van die internet en sosiale media versprei, kan lande hulle posisie ten opsigte van 'n oorlog vinnig aan 'n globale gehoor oordra. Die huidige ondersoek het aangedui hoe aktief Rusland oor die afgelope dekade was om sy posisie veral aan Westerse gehore te verduidelik, en enkele groot propagandaveldtogte van Rusland is uitgelig, veral ten opsigte van die inval van Oekraïne in 2022. Daar is verder aangedui dat Rusland spesifiek die Suid-Afrikaanse publiek teiken. Deur 'n ontleding van kommentare op berigte en meningstukke oor die oorlog op Maroela Media is aangedui dat Russiese propaganda wel neerslag vind in Afrikaanse kommentare, en belangrike temas in hierdie kommentare is uitgelig.

Alhoewel die huidige ondersoek nie 'n poging aangewend het om die sentimente van Afrikaners of Suid-Afrikaners oor die algemeen ten opsigte van hierdie oorlog te bepaal nie, dui die teenwoordigheid van Russiese propaganda in Afrikaanse kommentare op Maroela Media daarop

dat 'n segment van Afrikaners wel aanklank vind by Russiese argumente (alhoewel hier nie bepaal kan word hoe groot hierdie segment is nie). Toekomstige navorsing kan ondersoek instel na hoe wydverspreid sulke sienings is.

**Bibliografie**

Alieva, I., L.H.X. Ng en K.M. Carley. 2022. Investigating the spread of Russian disinformation about biolabs in Ukraine on Twitter using Social Network Analysis. *2022 IEEE International Conference on Big Data (Big Data)*, IEEE, ble. 1770–5. doi:10.1109/BigData55660.2022.10020223.

Alyukov, M. 2022. Propaganda, authoritarianism and Russia's invasion of Ukraine. *Nature Human Behaviour*, 6(6):763–5. doi:10.1038/s41562-022-01375-x.

Bail, C.A., B. Guay, E. Maloney, A. Combs, D.S. Hillygus, F. Merhout, D. Freelon en A. Volfovsky. 2020. Assessing the Russian Internet Research Agency's impact on the political attitudes and behaviors of American Twitter users in late 2017. *Proceedings of the National Academy of Sciences of the United States of America*, 117(1):243–50. doi:10.1073/pnas.1906420116.

Bajor, P. (red.). 2022. *Information security policy: conditions, threats and implementation in the international environment*. Kraków: Ksiegarnia Akademicka Publishing.

Bastos, M. en J. Farkas. 2019. "Donald Trump is my president!": the Internet Research Agency propaganda machine. *Social Media + Society*, 5(3):205630511986546. doi:10.1177/2056305119865466.

Benabdelkrim, M., C. Levallois, J. Savinien en C. Robardet. 2020. Opening fields: a methodological contribution to the identification of heterogeneous actors in unbounded relational orders. *M@n@gement*:4–18. doi:10.37725/mgmt.v23.4245.

Biehl, S. 2022a. Bekoor deur Rusland: Oekraïne is korrup en Rusland moet opruim. https://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/bekoor-deur-rusland-oekraine-is-korrup-en-rusland-moet-opruim (6 Februarie 2023 geraadpleeg).

—. 2022b. Waar kom bekoring met Rusland vandaan? https://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/waar-kom-bekoring-met-rusland-vandaan (6 Februarie 2023 geraadpleeg).

Blondel, V.D., J.-L. Guillaume, R. Lambiotte en E. Lefebvre. 2008. Fast unfolding of communities in large networks. *Journal of Statistical Mechanics: Theory and Experiment*, 2008(10):P10008. doi:10.1088/1742-5468/2008/10/P10008.

Bovet, A. en H.A. Makse. 2019. Influence of fake news in Twitter during the 2016 US presidential election. *Nature Communications*, 10(1):1–14. doi:10.1038/s41467-018-07761-2.

Broniatowski, D.A., A.M. Jamison, S. Qi, L. AlKulaib, T. Chen, A. Benton, S.C. Quinn en M. Dredze. 2018. Weaponized health communication: Twitter bots and Russian trolls amplify the vaccine debate. *American Journal of Public Health*, 108(10):1378–84. doi:10.2105/AJPH.2018.304567.

Cercone, J. en J. Greenberg. 2022. Russia, China and Tucker Carlson lack evidence on Ukraine bioweapons labs. https://www.politifact.com/article/2022/mar/11/russia-china-and-tucker-carlson-lack-evidence-ukra (21 Februarie 2023 geraadpleeg).

Demata, M., V. Zorzi en A. Zottola (reds.). 2022. *Conspiracy theory discourses*. Amsterdam: John Benjamins.

DiResta, R., K. Shaffer, B. Ruppel, D. Sullivan, R. Matney, R. Fox, J. Albright en B. Johnson. 2019. *The tactics & tropes of the Internet Research Agency*. Washington: Congress of the United States.

Duberry, J. 2022. *Artificial Intelligence and democracy: risks and promises of AI-mediated citizen-government relations*. Cheltenham: Edward Elgar Publishing. doi:10.4337/9781788977319.

Dutta, U., R. Hanscom, J.S. Zhang, R. Han, T. Lehman, Q. Lv en S. Mishra. 2021. Analyzing Twitter users' behavior before and after contact by Russia's Internet Research Agency. *Proceedings of the ACM on Human-Computer Interaction*, 5(CSCW1):1–24. doi:10.1145/3449164.

Eady, G., T. Paskhalis, J. Zilinsky, R. Bonneau, J. Nagler en J.A. Tucker. 2023. Exposure to the Russian Internet Research Agency foreign influence campaign on Twitter in the 2016 US election and its relationship to attitudes and voting behavior. *Nature Communications*, 14(1):62. doi:10.1038/s41467-022-35576-9.

EUvsDisinfo. 2022a. Disinformation about the current Russia-Ukraine conflict – seven myths debunked. https://euvsdisinfo.eu/disinformation-about-the-current-russia-ukraine-conflict-seven-myths-debunked (22 Februarie 2023 geraadpleeg).

—. 2022b. The Kremlin's playbook: fabricating pretext to invade Ukraine – more myths. https://euvsdisinfo.eu/the-kremlins-playbook-fabricating-pretext-to-invade-ukraine-more-myths (22 Februarie 2023 geraadpleeg).

—. 2023. Twelve myths about Russia's war in Ukraine exposed. https://euvsdisinfo.eu/twelve-myths-about-russias-war-in-ukraine-exposed/?highlight=biological%20weapons%20laboratories%20ukraine# (21 Februarie 2023 geraadpleeg).

Fischer, S. 2022. Russia on the road to dictatorship. *Stiftung Wissenschaft und Politik (SWP). German Institute for International and Security Affairs*, (30):1–6. doi:10.18449/2022c30.

Fortuin, E. 2022. Ukraine commits genocide on Russians: the term "genocide" in Russian propaganda. *Russian Linguistics*, 46(3):313–47. doi:10.1007/s11185-022-09258-5.

Geissler, D., D. Bär, N. Pröllochs en S. Feuerriegel. 2022. Russian propaganda on social media during the 2022 invasion of Ukraine. *arXiv*. doi:10.48550/arxiv.2211.04154.

Ginossar, T., I.J. Cruickshank, E. Zheleva, J. Sulskis en T. Berger-Wolf. 2022. Cross-platform spread: vaccine-related content, sources, and conspiracy theories in YouTube videos shared in early Twitter COVID-19 conversations. *Human Vaccines & Immunotherapeutics*, 18(1):1–13. doi:10.1080/21645515.2021.2003647.

Hanley, H.W.A., D. Kumar en Z. Durumeric. 2022a. "A special operation": a quantitative approach to dissecting and comparing different media ecosystems' coverage of the Russo-Ukrainian War. *arXiv*. doi:10.48550/arxiv.2210.03016.

—. 2022b. Happenstance: utilizing Semantic Search to track Russian state media narratives about the Russo-Ukrainian War on Reddit. *arXiv*. doi:10.48550/arxiv.2205.14484.

Horawalavithana, S., R. De Silva, N. Weerasekara, N.G. Kin Wai, M. Nabeel, B. Abayaratna, C. Elvitigala, P. Wijesekera en A. Iamnitchi. 2022. Vaccination trials on hold: malicious and low credibility content on Twitter during the AstraZeneca COVID-19 vaccine development. *Computational and Mathematical Organization Theory*, 1–22. doi:10.1007/s10588-022-09370-3.

Johnson, R. 2022. Dysfunctional warfare: the Russian invasion of Ukraine 2022. *The US Army War College Quarterly: Parameters*, 52(2):5–20. doi:10.55540/0031-1723.3144.

Karlsen, G.H. 2019. Divide and rule: ten lessons about Russian political influence activities in Europe. *Palgrave Communications*, 5(1):19. doi:10.1057/s41599-019-0227-8.

Keating, V.C. en K. Kaczmarska. 2019. Conservative soft power: liberal soft power bias and the "hidden" attraction of Russia. *Journal of International Relations and Development*, 22(1):1–27. doi:10.1057/s41268-017-0100-6.

Keating, V.C. en O. Schmitt. 2021. Ideology and influence in the debate over Russian election interference. *International Politics*, 58(5):757–71. doi:10.1057/s41311-020-00270-4.

Kling, J., F. Toepfl, N. Thurman en R. Fletcher. 2022. Mapping the website and mobile app audiences of Russia's foreign communication outlets, RT and Sputnik, across 21 countries. *Harvard Kennedy School Misinformation Review*, 3(6):1–17. doi:10.37016/mr-2020-110.

Kormych, B. en T. Malyarenko. 2022. From gray zone to conventional warfare: the Russia-Ukraine conflict in the Black Sea. *Small Wars & Insurgencies*, 1–36. doi:10.1080/09592318.2022.2122278.

Koval, N., V. Kulyk, M. Riabchuk, K. Zarembo en M. Fakhurdinova. 2022. Morphological analysis of narratives of the Russian-Ukrainian conflict in Western academia and think-tank community. *Problems of Post-Communism*, 69(2):166–78. doi:10.1080/10758216.2021.2009348.

Leitenberg, M. 2020. False allegations of biological-weapons use from Putin's Russia. *The Nonproliferation Review*, 27(4–6):425–42. doi:10.1080/10736700.2021.1964755.

Madisson, M.-L. en A. Ventsel. 2022. From strategic depiction of conspiracies to conspiracy theories: RT's and Sputnik's representations of coronavirus infodemic. In Demata e.a. (reds.) 2022:443–64.

Nitszke, A. 2022. The European Union versus Russian disinformation. In Bajor (red.) 2022:35–51. doi:10.12797/9788381388276.02.

Pamment, J. 2022. How the Kremlin circumvented EU sanctions on Russian state media in the first weeks of the illegal invasion of Ukraine. *Place Branding*. doi:10.1057/s41254-022-00275-1.

Pierri, F., L. Luceri, N. Jindal en E. Ferrara. 2022. Propaganda and misinformation on Facebook and Twitter during the Russian Invasion of Ukraine. *arXiv*. doi:10.48550/arxiv.2212.00419.

Pretorius, J. 2023. Die Oekraïne-oorlog – aan wie se kant is jy? *South Coast Herald*. https://southcoastherald.co.za/487437/die-oekrane-oorlog-aan-wie-se-kant-is-jy (22 Februarie 2023 geraadpleeg).

Senekal, B.A. en E. Kotzé. 2017. Die statistiese eienskappe van geskrewe Afrikaans as 'n komplekse netwerk, *LitNet Akademies Geesteswetenskappe*, 14(1):27–59. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2017/06/LitNet_Akademies_14-1_Senekal-Kotze_27-59.pdf.

Śledź, P. 2020. Ostry cień mgły: antyzachodnia dezinformacja ze strony Chin i Rosji w związku z pandemią COVID-19. *Rocznik Strategiczny*, 26:389–401.

Ślufińska, M. 2022. The Russia-Ukraine War. Two strategies of communication? In Bajor (red.) 2022:67–81. doi:10.12797/9788381388276.04.

Strudwicke, I.J. en W.J. Grant. 2020. #JunkScience: Investigating pseudoscience disinformation in the Russian Internet Research Agency tweets. *Public Understanding of Science (Bristol, England)*, 29(5):459–72. doi:10.1177/0963662520935071.

Treyger, E., J. Cheravitch en R.S. Cohen. 2022. *Russian disinformation efforts on social media*. Santa Monica: RAND Project Air Force.

Tyszkiewicz, A. 2022. The Russian narrative construct towards Ukraine. In Bajor (red.) 2022:83–97. doi:10.12797/9788381388276.05.

Van Heerden, S. 2023. Persoonlike korrespondensie met Maroela Media se handelsmerkbestuurder.

Walter, D., Y. Ophir en K.H. Jamieson. 2020. Russian Twitter accounts and the partisan polarization of vaccine discourse, 2015–2017. *American Journal of Public Health*, 110(5):718–24. doi:10.2105/AJPH.2019.305564.

Jaargang 20, Nommer 2, 2023, ISSN 1995-5928
https://doi.org/10.56273/1995-5928/2023/j20n2b2

**Eindnotas**

[1] "Rooi pil"-kultuur is 'n verwysing na die film *The matrix* (1999), en stel voor dat mense nie besef wat werklik in die wêreld aangaan nie.

[2] Soros word met 'n verskeidenheid sameweringsteorieë verbind, en daar is selfs 'n Wikipedia-artikel oor die onderwerp (https://en.wikipedia.org/wiki/George_Soros_conspiracy_theories).

[3] Ek kon 'n plasing op 20 Maart 2022 oor Oekraïne op 'n Afrikaanse Telegram-kanaal (wat ek nie hier noem nie om etiese redes) terugspoor na 'n skermbeeld van 'n plasing op die Russiese Ministerie van Buitelandse Sake se amptelike Telegram-kanaal (Russian MFA) op 10 Maart 2022. Die feit dat 'n skermbeeld van hierdie kanaal op 'n Afrikaanse Telegram-kanaal gedeel word, wys dat Russiese propaganda soms direk by Afrikaanse gehore uitkom.